DEEL 116 | WEEK 10 | 8 MAART 2024 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# Aanvallers sê dat nog plaasaanvalle kom

In 'n tweede plaasaanval binne 'n week is Sisi Ntombela, vorige Vrystaatse premier, en haar man, die ANC-LP Madala Ntombela, in hul plaashuis oorval. Die groep aanvallers wat die Ntombela egpaar Sondag tussen 02:00 en 03:00 op die plaas Holfontein by Heilbron oorrompel, aangerand en van geld, selfone en 'n skootrekenaar beroof het, het glo gesê: "Ons gaan nog plase in die omgewing aanval."
Wees paraat. Raak betrokke by 'n veiligheidsnetwerk. Maak seker jou noodplan is in plek. Dit is die boodskap van Pieter Kemp, veiligheidsverteenwoordiger van Vrystaat Landbou (VL) in die Noord-Vrystaat, aan boere in die streek in reaksie op twee plaasaanvalle binne drie dae en 15km uitmekaar by Frankfort en Heilbron oor die naweek.
Kemp sê die twee aanvalle en die oënskynlike dreigement maak hulle baie bekommerd.
Herman Swart (74), sy vrou, Johanna (78), en hul werker Tokkie Burger (48) is Vrydag ook vroegoggend op hul plaas in die Frankfort-distrik deur 'n groep mans in hul huis aangeval. "Ons is baie bekommerd. Die twee aanvalle kort ná mekaar is ongewoon nadat dit 'n hele ruk baie stil was. As daar nie verdagtes aangekeer word nie, sal dit moeilik wees om te sê of die twee aanvalle met mekaar verband hou."
Kemp sê in die Ntombela-geval is die inligting "baie deurmekaar". Dit is nie duidelik hoeveel aanvallers daar was nie. Die huis is omgedolwe en sitkamerbanke is selfs oopgesny, waarskynlik in die soeke na geld. "Ek dink hulle het geld gesoek. Hoekom is die Ntombelas spesifiek geteiken? Ek weet nie of die mense dink alle politici steek hul geld in die rusbank weg nie."
Die boodskap wat na boere moet uitgaan, is eerder of hulle gereed en paraat is en of almal by hul plaaslike veiligheidsnetwerk ingeskakel is. "As daar 'n aanval kom, is ons gereed en paraat? Kan ons dit doeltreffend afweer? Dit is die vraag wat ons moet vra. Wees voorbereid. As daar nood is, is jy gereed en kan jy met jou buurman kontak maak?" vra hy.
"Ons doen alles moontlik om die veiligheidsnetwerke reg te kry sodat boere gereed is en hulself kan beskerm. Ons is egter nie daar as hy en sy gesin alleen by die huis is nie. Elke plaas is 'n teiken. Jy moet reg wees. As dit na jou kant toe kom, moet jy kan weerstand bied. Veiligheid is nie net die man se plig nie, die vrou en kinders moet ook paraat wees," sê Kemp.
VL is veral bekommerd oor die vuurwapens wat in die eerste aanval by Heilbron geroof is. Twee haelgewere en twee handwapens word vermis en dit kan gebruik of verkoop word en in die hande van ander misdadigers beland. "Vuurwapens word met 'n doel gesteel," sê Kemp. In albei gevalle is daar besliste leidrade wat deur die polisie opgevolg word. "In die eerste geval word die moontlikheid dat van die Swart egpaar se eie werkers betrokke kon wees, nie uitgesluit nie. Die aanvallers moes hul weg in dié afgeleë gebied geken het."
• Mense met inligting oor die aanval op die Ntombelas word gevra om Lt.kol. Mosiuoa Mokhethi by 082 525 2303 te bel.











# UIT DIE PEN:

Week 10

Daar was 'n tyd in my lewe wat ek baie kon praat. Ek bedoel regtig baie. Babbel. Oor allerhande dinge, meestal oppervlakkig. Amper soos enige ander tiener. Ek wou vir almal vertel dat ek min of meer alles van alles af weet. Dis seker hoekom die spreukwoord sê: Hire a teenager while he knows everything.

Maar hoe ouer ek word, hoe meer versigtig is ek om net te praat. Ek wil my woorde meer weeg. Ek kom agter dat ek deesdae meer van stiltes hou. Wanneer ek iemand ontmoet, wonder ek soms waaroor ons sou gesels? So asof party mense 'n agenda moet saambring met raakpunte waaroor ons kon praat. Met ander mense is dit makliker.

My Santie-vriendin het altyd hierdie wysheidspêrel gehad: As iemand nie jou stiltes verstaan nie, sal hulle ook nie jou woorde verstaan nie.

Ek ken 'n paar babbelmense. Hulle maak my deesdae moeg. Pieter en Petro is twee van hierdie mense. Nie een van die twee het 'n voltydse werk nie. Ek moet letterlik moed bymekaar skraap om een van hulle te bel. Dit tap my energie. Die oproep hou aan en aan.

Ek antwoord nie sommer as hulle per WhatsApp bel nie. (Ek antwoord nie sommer enige WhatsApp oproep nie. My keuse.) Pieter en Petro het onbeperkte internet en gebruik ure daarvan gedurende 'n WhatsApp oproep. Later het ek wasgoed opgevou, gestryk, weggepak, kaste reggepak en die vloere gewas.

En hulle praat. Nog en nog. Monoloë, as ek nie saampraat nie. My skuldige gewete laat my nie toe om te groet nie. Want hulle wil nog praat.

Wanneer ons daar gaan kuier, moet ons dubbel soveel moed bymekaar skraap.

Kom gerus vir middagete en wees so by 12:00 hier, nooi hulle ons. Ek maak 'n paar goete wat ons kan saamvat. Ons eet niks vooraf nie, want ons gaan mos netnou heerlik smul. Toe nou nie.

Ons dek tafel. En toe begin hulle babbel. En nog en nog. Ons drink die derde keer koffie, maar hulle babbel. Later 'n glasie wyn. O ja, hulle wag vir wie-ook-al wat ook kom saam eet. Wie-ook-al het gesê hulle sal so by tweeuur daar wees. Babbel. Koffie. Babbel. Wyn. Lê later dwars oor die bank. Babbel.

Net nà half vier daag wie-ook-al op. Sonder om verskoning te maak. Babbel nuwe goed. Koffie. Babbel nog. Net voordat die son sak, sit ons aan. Ons help fluks om die tafel af te dek en op te was, en verskoon ons so gou as moontlik. Ons val soos uitgemergeldes op die bed neer toe ons uiteindelik tuis kom.

Pieter en Petro werk nie. Maar ons moet die volgende dag met helder gesigte en gevlegte sterte by die werk wees.

Ek wonder oor hierdie week se vraag: Mag ek moeg raak vir baie praat, mense en oppervlakkige praatjies?

Johanna praat net soveel. Ek sien haar een keer per week, en het nie agtergekom dat sy altyd so baie praat nie. Totdat ek twee dae agtermekaar in haar teenwoordigheid was. Ek was doodmoeg. Teen die einde van dag twee het sy gesê dat sy minder wil praat en meer wil luister. Dankie tog, dink ek.

Sy vertel dit vir almal rondom haar en ons almal ondersteun haar. Haar voorneme hou net vir 'n paar uur. En toe gaan sy met mening voort. Ek dog ek huil in een hand en trek my hare uit my kop met die ander hand. Mag ek moeg raak vir baie praat en allerhande praatjies? Ter verdediging: Johanna praat nie altyd oor oppervlakkige onderwerpe nie. Sy gesels oor godsdiens en vertel van haar kinders. En haar kinderdae. Haar werk. Hulle kar. Die kat. En daar land ons binne-in die oppervlakkige onderwerpe.

Ek probeer so af en toe my asem bymekaarmaak om iets tot die gesprek by te voeg, maar ek kry nie kans nie. Wanneer ons uiteindelik moet groet, is my ore moeg. My luister is op.

Ek wil regtig net die nodige hoor. Dit herinner my aan my gryse ou pa se haarkapper. Die haarkapper het regtig skrikwekkende lang gesprekke gevoer. My ou pa sou dan op die stoel gaan sit terwyl haarkapper die swart plastiekmantel om hom drapeer.

"Wat maak ons vandag?" sou hy vra.

"Hou dit kort. Die hare en die praatjies."

Haarkapper het sy bes probeer om dit te doen.

Ek het 'n filosofie oor wat jy saai en wat jy maai. Alles wat jy doen, hetsy reg of verkeerd, kom terug na jou toe. 'n Bybelse beginsel. Wanneer ek in my jonger dae mense uitsluit, gaan dieselfde dan met my gebeur? Ek is so bang ek hou daarmee op en dan is daar oor 15 jaar, wanneer ek op my alleenste is, g'n mens om mee te praat nie.

Dieselfde het met 'n 85-jarige gebeur. Sy het een persoon in die ouetehuis geken. Met haar intrek in die ouetehuis was daar 'n tannie wat elke dag kom kyk het of sy okay is. Die tannie het nie lank gebly nie: letterlik net in haar kamer ingegaan, vir haar 'n drukkie gegee en uitgegaan. Soms net by die deur ingeloer en gevra of alles reg is.

Die 85-jarige het besluit dat dit heeltemal te veel is. Een mooi oggend het sy vir die tannie gesê dat sy nie meer daar hoef in te loer nie. 85-jarige is okay.

Twee jaar later gesels ek weer met haar.

"Weet jy hoe eensaam is ek?"

"Maar kyk hoeveel mense woon saam met jou hier in die ouetehuis? Hier is ten minste 16 mense wat in jou gang bly."

"Hulle kom nie hier nie."

"Dalk moet jy uitreik na hulle toe. Wat van die tannie wat elke dag kom groet het?"

"Ek het gesê sy moenie meer kom nie."

En toe bly almal weg.

**Besigheidsure**
**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
**Elsstraat 42, HEILBRON**
**Tel: 058 853 0006**

POSTNET HEILBRON

# Heilbron waterkrisis verdiep

## *Randwater sny toevoer verder*

Kragtens 'n mediaverklaring uitgereik deur Randwater op 1 Maart 2024 is Heilbron se watertoevoer met 'n verdere 20% ingekort weens wanbetaling van Heilbron se uitstaande rekening en skuld wat gesamentlik ongeveer R66 miljoen beloop deur die Ngwathe munisipaliteit. Randwater het reeds op 13 Desember 2023 die toevoer verminder vanaf die toe normale 8 Megaliter per dag na ongeveer 4,6 Megaliter per dag. "'n Waterlesing vanoggend geneem dui daarop dat water tans teen slegs 3,8 Megaliter per dag voorsien word. Dit terwyl ons eintlik skaars met 8 Megaliter per dag kan deurkom," sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe.

"Ek het die verminderingskwessie reeds op 16 Januarie 2024 met die burgemeester opgeneem met 'n dringende versoek dat sy 'n onderhoud reël tussen 'n veelparty afvaardiging van Ngwathe en die raad van Randwater en kort daarna, na geen reaksie van haar nie, ook na die minister van waterwese geëskaleer. Die reaksie wat hy van Randwater verkry het, was dat Ngwathe nooit op die verminderingskennisgewing gereageer het nie en het hulle bygevolg aangeneem dat Ngwathe die vermindering aanvaar. Die burgemeester het egter ontken dat sy nie met Randwater reëlings probeer tref het nie. "Ek het hierop geantwoord dat òf sy blatant vir my òf Randwater blatant vir die minister lieg en het bewyse gevra van haar interaksie met Randwater". Ek het my brief aan haar ook aan die minister laat stuur met 'n versoek om weer met Randwater op te volg. Nòg sy, nòg die minister, nòg Randwater het tot dusver gereageer.

Ek skryf nou weer dringend aan haar en stuur 'n afskrif aan die minister om weereens sy dringende ingryping te versoek. Heilbron kan eenvoudig nie oorleef op die huidige volumes water wat Randwater voorsien nie en hy behoort toe te sien dat basiese menseregte, waaronder die reg tot water, honoreer word. Ngwathe vorder tans volgens die jongste syfers verskaf, kontantvloeigewys slegs ongeveer 40% van sy begrote inkomste in, hoofsaaklik omdat baie min inwoners hul erfbelasting, rioolgelde, vullisverwyderingsgelde, waterverbruik en selfs elektrisiteitsgebruik betaal. Gebrugde elektrisiteitsmeters is 'n massiewe probleem en die munisipaliteit beskik eenvoudig nie oor die wil of vermoë om die probleem aan te spreek nie.

"Om te voldoen aan Randwater se eis dat die lopende rekening gereeld betaal word en 'n afbetalingsplan ten aansien van agterstalliges beding en nagekom word, is eenvoudig onhaalbaar gegewe Ngwathe se huidige finansiële krisis. Sonder ingryping van die nasionale regering voorsien ek nie dat 'n oplossing gevind sal kan word nie," sê raadslid Van der Merwe verder. "Ons sal dus op parlementêre vlak bly eis dat Ngwathe te hulp gekom word en op elke ander vlak bly voortgaan om alle moontlike druk tot ons beskikking uit te oefen om die watervoorsiening te herstel tot minstens 8 Megaliter per dag."

# Heilbron beslis by Metsimaholo Ingelyf

Dit is finaal. Heilbron word beslis deel van die Metsimaholo Plaaslike Munisipaliteit (Metsimaholo). So het die Munisipale Afbakeningsraad (MAR) op 28 Februarie 2024 besluit nadat finale besware teen die inlywing oorweeg was.

Die Hoof Uitvoerende Beampte van die MAR het die Speaker van Metsimaholo op 1 Maart 2024 per brief van die besluit ingelig en versoek dat laasgenoemde 'n lokaal aanwys waar 'n vergadering van raadslede, gemeenskapslede en ander belanghebbendes belê kan word vir 15 Maart 2024 om 10:00 om 'n meer breedvoerige terugvoering oor die besluit te kan gee. Die Speaker word ook versoek om een of twee munisipale amptenare aan te wys wat die MAR span na afloop van die vergadering kan vergesel op 'n in loco inspeksie van die geaffekteerde gebied.

"Die inlywing is nou finaal, maar uit 'n omsendbrief pas deur die MAR uitgereik, blyk dit dat die verandering eers met die volgende munisipale verkiesing geïmplementeer sal word", sê Vryheidsfront Plus raadslid Phillip van der Merwe. Talle vrae oor die praktiese implikasies sal egter nou reeds gevra en beantwoord moet word. Metsimaholo se gradering as munisipaliteit sal byvoorbeeld waarskynlik verhoog word deur die samesmelting, wat sal meebring dat die munisipale bestuurder, senior bestuurders, die burgemeester, die speaker en raadslede moontlik almal groter vergoedingspakette sal moet ontvang.

Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit (Ngwathe) se gradering sal daarteenoor waarskynlik verlaag moet word, wat weer sal meebring dat dieselfde persone daar se vergoedingspakette verminder sal moet word. Dit kan verwag word dat betrokkenes wat daardeur geraak word uiters ongelukkig sal wees.


Dan is daar kwessies soos byvoorbeeld Heilbron se Randwaterskuld wat na bewering tans ongeveer R66 miljoen beloop. Gaan Metsimaholo die skuld oorneem indien Ngwathe, soos waarskynlik blyk te wees, dit nie kan betaal nie? En welke deel van Ngwathe se huidige Eskomskuld van byna R2 miljard, wat Ngwathe verseker nie gaan kan betaal nie, gaan Metsimaholo mettertyd moet oorneem, indien enige? Tans vorder Ngwathe kontantvloeigewys slegs ongeveer 40% van sy begrote inomste in, wat dit onmoontlik maak om al sy verpligtinge na te kom - wat nog te sê skuld te delg. Daar is ook half-voltooide en falende projekte in Heilbron wat nuwe lewe ingeblaas sal moet word met gepaardgaande groter koste - hoe sal dit prakties hanteer word en wie gaan daarvoor verantwoordelikheid moet neem indien dit nie voor die volgende munisipale verkiesing afgehandel kan word nie, wat 'n moontlikheid is inaggenome die toestand waarin Ngwathe se tegniese departement tans verkeer?

Inwoners word aangemoedig om die beoogde inligtingsvergadering in groot getalle by te woon sodat daar groter en meer duidelikheid oor die talle praktiese implikasies van die inlywing bekom kan word. Die lokaal vir die vergadering sal deurgegee word sodra dit beskikbaar is.


# Hoërskool Heilbron Beheerliggaam

Hoërskool Heilbron se beheerliggaam stemdag het op 1 Maart plaasgevind en met 'n rekordgetal van 332 stemme is die nuwe ouer-beheerliggaam vir termyn 2024 - 2027 aangewys. Uit 23 kandidate is die volgende 7 mense verkies: Monette Bornman, Gerrit du Plooy, André J van Rensburg, Gerrie Muller, Danie Myburgh, Gerrie Roos en Louise Snyman. Personeel wat ook op die beheerliggaam gaan dien sluit in: Johnny van der Merwe, Monica Roux, Wessel Pieters en Sarina Matthee.


*Gerrit du Plooy*


*Monette Bornman*


*Gerrie Muller*



*Gerrie Roos*


*Danie Myburgh*


*Louise Snyman*


*André J van Rensburg*

# INSPIRASIE RESEPTE




Prawns can be intimidating to cook but it is very simple and can be done very easily and very delicious with this easy recipe. Prawns are classed by a number system which indicates size. The numbers indicate the number of prawns per kg. For instance, 16–20 means that there will be between 16 and 20 prawns in a box of 1 kg. The more prawns per box, the smaller the prawns will be and the other way around.

Preparation time – 30 minutes
Cooking time – 10 minutes
Serving – 4 people

**Ingredients for the prawns**

1 kg 16 – 20 prawns, veins removed, 4 teaspoons fine salt, Black pepper 4 tbsp smoked paprika, 2 cloves of garlic, finely chopped, Juice and zest of 1 lemon

**Ingredients for the Aromatic herb butter**

250g butter, at room temperature, ¼ cup parsley, chopped, ½ cup coriander, chopped 2 sprigs of thyme picked, 4 clove garlic, crushed, 1 lemon, juice and finely grated zest 1 teaspoon Maldon salt, 1 teaspoon chilli flakes, ½ teaspoon coarse ground black pepper, 1 teaspoon curry powder

**Method for the aromatic herb butter**

Mix all ingredients in a blender and blend until well combined. Remove the butter from the blender into a container. Place in fridge until needed. Remove from fridge 1 hour before needed.

**Method for the prawns**

Place the prawns on a large plate or tray. Cover the prawns with garlic, oil, paprika, lemon juice and lemon zest. Now season with salt and pepper on both sides. Heat a large heavily based pan over medium heat until well heated. Add a little oil to the pan and then place your prawns in the pan. Don't overcrowd the pan, make sure there is enough space between each prawn for the water to evaporate. Cook for 30-45 seconds on each side. The prawns should be pink all around. Repeat for all the prawns. Remove onto the serving platter. Cover the prawns with generous spoons of the herb butter and serve hot.

**How to serve**

Serve your prawns with lemon steamed rice or French fries, fresh lemon and bread to soak up the aromatic butter.

**Chef's notes**

The best way to cook prawns is directly from the freezer. Don't defrost the prawn too long before cooking, this will cause the prawn to go soft and mushy.

# Huppel Trippel hou rolstoelstap



*Tussen 45 en 50 rolstoel-passasiers, -stoters en saamstappers het 'n heerlike, ontspanne oggend meegemaak. By die drie 'pit-stops' is NikNaks, koeldrank en 'n tjokkie uitgedeel. Almal het al kouende en geselsende by die eindpunt aangekom. Op die koop toe het almal 'n voorraad Vitamien D ingekry. Ná afloop van die stap is daar gesellig onder die bome gekuier. Oor twee weke kuier die lede in die eetsaal saam. Die onderwerp by daardie geleentheid sal wees: Die keer toe 'n engel in my lewe ingegryp het. Onthou ook om 10 uur op Woensdag- en Donderdagoggende te kom deelneem aan die kettieskiet en jukskei. Dis gratis; en alles wat nodig is, word voorsien.*





# Net betyds vir OntbytSAKE

Dupno Trading, familiebesigheid op Heilbron, het verlede week ontvangs geneem van 'n nuwe rolvormmasjien. Hierdie masjien word gevoer met 'n plat plaat wat ten einde geriffelde panele sink in enige lengte sny. Direkteure Alet en Keith Petzer glo dat hierdie investering dienste aan die landbousektor 'n verdere hupstoot gaan gee.

Met die lig op Dupno Trading se nuutste uitbreiding het OntbytSAKE met verskeie besighede in die omgewing kontak gemaak. Die bestelling vir die rolvormmasjien was reeds verlede jaar Julie geplaas en na 'n lang wag is die masjien betyds afgelewer vir die opname van OntbytSAKE. Die afgelope week is die verfilming vir die program wat op 23 Maart 2024 uitgesaai gaan word, afgehandel. Kykers sal dan heelwat meer ingelig word oor wat in Dupno se werksplek gebeur.

Ander besighede wat ook deel is van die program sluit in Francolin Creek, Frankfort Spar, Hoërskool Wilgerivier en Multi Green.

Dupno, wat eers begin het as 'n klein plaaslike Vrystaat-gebaseerde maatskappy in Heilbron, het aansienlike groei oor die jare getoon as kundiges in die skepping van graanhanteringstoerusting, graanopbergingsoplossings en waterbergingstelsels wat gebou word om te hou.

Sedert 2019 is Dupno Trading 'n leier in die metaalvervaardigingsbedryf. "Ons reis het in 2013 begin toe ons die graanhanteringsbesigheid as middelmanne aangedurf het. Ons passie vir die metaalvervaardigingsbedryf het ons egter geïnspireer om ons eie maatskappy te begin, en ons lewer sedertdien top-van-die-reeks metaalvervaardigingsdienste",vertel Ryno Petzer, tekenaar by Dupno Trading en seun van Keith en Alet.

Die nuwe rolvormmasjien verhoog die spoed van die produksieproses van graandamme, waterdamme en "bunkers". Waar hulle voorheen sink in die Vaaldriehoek moes aankoop sal dit nou nie net hulle kostes verlaag nie, maar dit ook gemakliker maak vir die gemeenskap om sinke aan te koop. Dupno vervaardig ook produkte soos tapkarre en awegaars.


*Op die foto: Keith Petzer, Alet Petzer, Ryno Petzer en Tanya Botha.*




# Plaaslike besighede maak skenkings aan Huis Bron-van-Heil

Fanie Snyman en André Kleynhans, twee direksielede van Huis-Bron-van-Heil, het plaaslike besighede genader om 'n oplossing te vind vir die voortdurende waterprobleme wat tans in Heilbron ondervind word en veral ook by Huis-Bron-van-Heil. BKB Handel en Bonus Hardeware het elk 'n vyfduisend liter watertenk aan die tehuis geskenk. Fanie Snyman het die volledige solar boorgatpomp geskenk en JC Transport het die kompakteerder en gruis vir die platform geskenk. Dis voorwaar 'n riem onder die hart wanneer plaaslike besighede en mense 'n verskil maak in ons gemeenskap waar dit so nodig is.

*Op die foto regs vlnr: Fanie Snyman: Direksie Huis Bron-van-Heil, Jannie Bornman: Bonus Hardeware, André Human: Bestuurder BKB Heilbron Handelstak, Betsie Terre'blanche: Bestuurder van Huis Bron-van-Heil en Nereus Breitenbach: JC Transport.*






Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir **Hendie Lötter** by 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za




# Presteer tydens Bieliemieliefees



*Die mini-netbalspan van JA Malherbe op Petrus Steyn het baie goed gevaar tydens die Bieliemieliefees-toernooie op Reitz. By hulle is hulle afrigters, me Anske Erasmus en mev Nadia van der Westhuizen.*




*Die mini-rugbyspan van JA Malherbe het baie goed gevaar tydens die Bieliemieliefees-toernooie op Reitz. By hulle is hulle afrigters: mnre Max van den Berg, Hanru Claasen en Thys Labuschagne.*

# 1969 Matrieks hou reünie

Op Saterdag 2 Maart het die matrieks van 1969 hul 55 jaar reünie by Francolin Creek gehou. Agtien van die oorblywende 31 maats was teenwoordig. Ons dink met deernis aan twaalf maats wat reeds weggeval het.

Die tema van die reünie was "Ons het dit gemáák tot hiertoe!"






*Wessel van Eeden*




*Christoffel du Bruyn*



*Herman (Neef) Groenewald*



*Paul Els*



*Phillip van der Merwe*

*Op die foto bo voor vl: Martie (Snyman) Clarens, Susan (Marx) Marais, Sampie Marais, Alwyn Swart. Middel: Basie Botha, Elmi (Van Deventer) Brink, Elna (Du Plessis) Lee, Neels Du Plooy. Agter: Albert Labuschagné, Hennie Fourie, Johan Labuschagne, Koos Naudé, Louis Boshoff.*

*Inlas foto's: Nie teenwoordig tydens die neem van groepfoto nie.*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE PETER JOHAN VENTER,**
Identiteitsnommer: 540118 5076 08 5, in lewe 'n pensioenaris, woonagtig te Vierdestraat 27, Reitz, 9810, Wewenaar.
**Datum van afsterwe:** 2 April 2021
**BOEDELNOMMER: 004799/2021**
Kennis geskied hiermee dat die Gewysigde Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bostaande boedel ter insae sal lê by die kantore van die Meester van die Hooggeregshof, Bloemfontein, en die Landdros te Reitz vir 'n periode van 21 (Een en Twintig) dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.
Indien geen besware daarteen by die Meester van die Hooggeregshof of by die Landdros binne die gemelde tydperk ingedien word nie, sal die Eksekuteur tot die uitbetaling daarvolgens oorgaan.
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T2055/2016** gepasseer deur **NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT** ten gunste van **Johannes Moleleki Mokoena en Thandi Constance Malgas** ten aansien van sekere **ERF 5871 PHIRITONA (UITBREIDING 9), DISTRIK HEILBRON PROVINSIE VRYSTAAT. GROOT: 392 (DRIE HONDERD TWEE EN NEGENTIG)** vierkante meter.
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 6 dag van Maart 2024.
**AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON, 9650**
**E-POS ADRES: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

---

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Certificate of Ownership of
**TE 4698/2005** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of
**MOSES MATSOELE THABANE**
Identity number: 670204 5318 081
and
**MAKIDIBONE PAULINA THABANE**
Identity number: 690629 0312 083
Married in community of property to each other
In respect of:
**ERF 669 PHIRITONA, district HEILBRON, PROVINCE FREE STATE MEASURING 292 (TWO HUNDRED AND NINETY TWO) square metres HELD BY DEED OF TRANSFER TE 4698/2005,**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 8th day of March 2024
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEYS**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**
**THA2/0002/JHJ/mp**

# JAARBEPLANNER 2024

| | |
|---|---|
| **10 Maart** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **16 Maart** | • Gholfdag @ NG Kerk Heilbron-Suid<br>• PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal<br>• Vroue-ringskonferensie @ Reitz Moedergemeente |
| **17 Maart** | (Sondag) Willie Joubert tree op om 09:30 @ NG Kerk Moedergemeente |
| **26 Maart** | Bloedskenk in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **29 Maart** | Goeie Vrydag: Gesamentlike erediens en nagmaal @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Maart** | Paassondag: Gesamentlike erediens @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **20 April** | PitStop vir Jesus in NG Kerk Heilbron-Suid se kerksaal |
| **28 April** | Amana ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **4 Mei** | Kermis / Basaar @ AGS Heilbron |
| **2 Aug.** | Suiderkruis Restaurant.<br>Heerlike steak-ete @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **3 Aug.** | BoereTreat |
| **17 Aug.** | Rolbaldag @ NG Kerk Heilbron-Suid |
| **31 Aug.** | Basaar @ NG Kerk Heilbron-Suid |

# TE HUUR

## PLAASHUIS TE HUUR

Plaashuis te huur 32km uit op Frankfort-pad.
3 Slaapkamerhuis, betaal slegs krag.

Indien egpaar wat huis huur bereid is om meneer Botha se vrou wat in 'n rolstoel is twee keer 'n week te help is krag gratis.

**Vir verdere navrae kontak**
**Botha Mouton**
**083 688 8256**

## HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***


# FOTOSTATE

| Swart / Black | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |
| **Volkleur / Colour** | | |
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National





## HUIS TE KOOP

**Leahystraat 19, Heilbron**
3 Slaapkamers met ingeboude kaste. 1 Badkamer met 'n stort, toilet en ingeboude kaste, 1 badkamer met 'n bad met toilet apart. Eetkamer, TV Kamer, sitkamer, groot kombuis, dubbelmotorhuis met elektriese deure. Bediendekamer plus toilet. Buitegeboue met ingeboude kaste. Huis in baie netjiese toestand. Groot erf.
**Kontak 082 870 0454**
**(Geen agente)**

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort,
Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING 082 851 6158
OF PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685**
**Heilbron**

**DUPNO Trading**
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
**Kontak:**
**Ryno 073 268 7565**
**ryno.dupno@gmail.com**

# SMALLS

## HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

www.vleissentraal.co.za
VLEISSENTRAAL
JJ Hadebestraat 97, Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047

## WINKELURE

**Maandae - Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**




# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksie bestuurder)
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


*Menings en opinies uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*






HERALD Sport

# 'n Kerk sonder 'n toring

Tyd is seker een van die belangrikste faktore in 'n mens se lewe!

Hoe sou 'n kerk lyk sonder 'n toring, 'n horlosie en klokke wat aankondig dat "kom sondaars kom" in ligter luim? NG Heilbron-Suid se "depressiekerk" het 5 jaar geneem om klaar gebou te word en die horlosie in 1935 daar geplaas is vir die gerief van die inwoners om vir hulle die tyd aan te dui. Moenie die ou weerhaan vergeet nie - hy het die rigting van die wind aangedui!

Baie het seker al gewonder hoekom die kerk met rooi bakstene gebou is. Die bou van die kerk is in die depressiejare van 1933 aangevoer en die goedkoopste materiaal is gebruik om kostes laag te hou. Vereeniging se steenfabriek het dit gegiet! Die drukkersduiwel het die toring weggelaat om lesers 'n insig te gee in hoe so 'n kerk sonder toring sou lyk.

Die NG Heilbron-Suid gemeente het besluit om 'n gholfdag aan te bied om hul fondse te versterk. Tyd speel alweer 'n rol en die drukkersduiwel was nie ver agter nie. Op die advertensie plakkate het die verkeerde telefoonnommer sy staan gemaak, maar is weer reggestel. Hoe dit ookal mag sy, die gholfdag is Saterdag, 16 Maart en inskrywings word ingewag deur Eben Claassen, sel nr 072 581 7627.

Dit beloof om 'n baie gewilde dag te wees met pryse soos bv skape, blesbokke, gemsbok ens.

Die kompetisie is 'n beste dryf, beterbal en inskrywings beloop R400 pp of spaninskrywing van R1600. Inskrywingstyd raak min en daar word ook 'n tussenrondte-ete ingesluit.




Help bou aan die kerktoring en speel op die oudste gholfbaan wat tydens die Anglo Boere-oorlog van 1899-1902 gedien het as kampterrein vir Britste soldate. Die loopgrawe is nou bowwe waar afgeslaan word.

# Bekende bandediens nou ook in Heilbron

Boere Bande Heilbron is sedert 1 Maart 2024 oop vir besigheid. Dit lyk asof Wentzel Vorster 'n baie suksesvolle onderneming opgebou het deur die duidelike groei en sukses van die besigheid. Hierdie bandediens het ingetrek in die ou TrenTyre gebou in Langmarkstraat.

Boere Bande het die eerste keer sy deure in Frankfort geopen op 20 Desember 2019 nadat Wentzel Riemland Bande gekoop het. Die eerste tak langs Frankfort Diesel lewer soos by al die ander takke ʼn 24/7 bandediens aan die area en assisteer met "breakdowns" reg oor die land.

Wentzel is vir die afgelope 11 jaar 'n bekende Frankforter. Met beplaning om Boere Bande te laat groei, het die eerste aanvanklik impulsiewe besigheid later die geleentheid gebied om in Januarie 2022 die tweede tak in Villiers geopen. Beide besighede het floreer en bekend geword vir die goeie gehalte bandediens wat gelewer word.

Na onderhandeling is Multi Tyres verlede jaar November oorgeneem en is die tweede Frankfort tak op 'n groter perseel geopen. Die Boere Bande Villiers tak het ook hul skuif gemaak na die ou Multi Tyres gebou. Wentzel was onlangs, nadat Heilbron TrenTyre toegemaak het genader om in Heilbron sy besigheid uit te brei. Met dié dat verskeie kliënte van Heilbron afkomstig is, het hy geweet dit is 'n goeie besluit. Dit het gelei tot die vierde Boere Bande tak se opening.

Soos by al die ander takke sal Boere Bande Heilbron ook balansering en wielbelyning, motor-, vragmotor- en trekkerbande, velddienste, pas en herstel en batterye aan die gemeenskap lewer.



*Op die foto vl: Corné Cloete, Henry Trollip, Kitta Vorster en Wentzel Vorster.*











BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG- 11 MAART 2024**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

**DINSDAG - 12 MAART 2024**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak SS Gumede 082 070 0134
DUNDEE Twee-weeklikselveiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

**WOENSDAG - 13 MAART 2024**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
REITZ Twee Weeklikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
LEANDRA/DELMAS: JGP BOERDERY
1303 Beefmasters
11:00, Die Kliphuis
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**DONDERDAG - 14 MAART 2024**
FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979
DANIËLSRUS Kwartaallikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

**VRYDAG - 15 MAART 2024**
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Willem Kruger 082 376 1539
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

**SATERDAG - 16 MAART 2024**
POTCHEFSTROOM: EXTREME BRAHMAN VEILING
180 Brahmane
11:00, Plaas Katdoornboch
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
STANDERTON: LANG CAREL SA BOERPERD STOET UITVERKOPING
11:00, Hoëveld veilingsentrum
Kontak Boetjan van der Wath 072 626 9242

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za

